**PERSVERKLARING**

**Datum**: 9 Februarie 2021

**Aan**: Alle Media

***Vir onmiddelike plasing***

# STAKING VAN VERVOLGING VAN ALLEN PAULSE DEUR NASIONALE VERVOLGINGSGESAG

**GEORGE, SUID-KAAP**

Op 9 Desember 2020, het Adv. William "Billy Downer" SC, Adjunk Direkteur van Openbare Vervolgings van die Nasionale Vervolgingsgesag, 'n epos aan die streekhoof van die Kommersiële Misdaadeenheid in George gerig, met die strekking dat geen kans vir enige suksesvolle vervolging bestaan in die 13 aanklagte teen Allen Paulse nie. Die streekhoof het daarna korrespondensie aan Allen Paulse gerig. Dit dien vermeld te word dat Advokaat Downer in 2005, as senior aanklaer by die NVG, die skuldigbevinding van Schabir Shaik, verseker het. Adv. Downer lei ook as senior aanklaer die vervolging van voormalige President Jacob Zuma, wie teregstaan vir verskeie sake van onder andere bedrog, korrupsie en geldwassery.

Hierdie skrywe van Adv. Downer volg nadat daar die laaste twee jaar 13 sake, teen Allen Paulse, in sy hoedanigheid as munisipale bestuurder van Oudtshoorn Munisipaliteit gemaak was, deur raadslede en ander individue. Hierdie dossiere het sowat 40 beweringe vervat, wat intensief deur die Valke ondersoek was. Die 13de saak was in geheel gemaak, geskoei op die Webber Wentzel ondersoek verslag. Na die sake gemaak was, was daar ook pogings om dissiplinệre stappe in te stel teen Allen Paulse. Uit die proses was Paulse vir nagenoeg 11 maande op betaalde verlof geplaas en het Paulse uiteindelik in Desember 2020, sy bedanking ingedien, wat deur die Raad van Oudtshoorn Munisipaliteit aanvaar was. Intussen het Paulse met ingang van 1 Januarie 2021, die pas van waarnemende direkteur: Gemeenskapsdienste by die George Munisipaliteit aanvaar.

Paulse het deurgaans sy volle samewerking aan die Valke gegee in die kriminele ondersoek, wat gevolg het na 13 klagtes.

As deel van die samewerking het Paulse substantiewelike verklarings gegee op elke bewering, gerugsteun met bundels feitelike dokumentasie. Hierdie repliek, met die ondersteunende dokumentasie het die NVG oortuig dat geen basis vir suksesvolle kriminele vervolging bestaan nie.

Paulse stel graag die volgende op rekord, ten opsigte van die periode van indiensneming by Oudtshoorn Munisipaliteit:

Met aanvaarding van die pos as rekenpligtige beampte vir Oudtshoorn Munisipaliteit, was die munisipaliteit op die randjie van totale finansiële ineenstorting.

Die munisipaliteit het geen reserwes gehad nie, eerder 'n kontantvloei tekort van nagenoeg R110 miljoen;

Skuldinvordering was onder 80%;

Meer as R90 miljoen was verskuldig aan die munisipaliteit deur krediteure;

Die munisipaliteit was R53 miljoen rand aan ESKOM verskuldig;

Ouditmenings van die Ouditeur Generaal in die voorafgaande jare was negatief;

Volumes verslae was uitgereik rondom beweringe van volskaalse korrupsie, bedrog en wan-administrasie, met enkele suksesvolle kriminele en dissiplinệre vervolgings en bedankings van amptenare.

Onder die leiding van Paulse en 'n goeie span senior aanstellings, is die situasie suksesvol aangspreek wat gelei het tot onder andere die volwaardige aflos van die ESKOM skuldlas, kontant voorhande in reserwes van sowat R94 miljoen teen 2018, afskaal van groot getalle tydelike poste wat nie waarde tot die administrasie toegevoeg het nie en die gevolglike verbetering van ouditmenings deur die Ouditeur Generaal.

Uit hoofde van hierdie besondere prestasies, het die kriminele aanklagte uiteraard as 'n teleurstelling en skok gekom, want Paulse was deurgaans verbind tot goeie regering. Soos hy tewens ook was in sy jare as munisipale bestuurder by Breedevallei Munisipaliteit, Bitou Munisipaliteit, eers as waarnemende munisipale bestuurder aangestel deur die Weskaap Departement: Plaaslike Regering en later ook as die munisipale bestuurder by Bitou, waar hy met sy span direkteure daar 3 skoon ouditmenings verwerf het.

Dit is belangrik en net reg om te se dat daar aanvanklik ‘n gesonde verhouding tussen die munisipale bestuurder en sy onmiddelike, direkte toesighouer, die voormalige burgemeester was. Die verhouding was deurgaans professioneel en geskoei op wedersydse respek en die aanvaarding van die onderskeie rolle, soos deur wetgewing voorgehou word. Daar het egter ‘n skielike ommeswaai gekom toe die vrou van die voormalige burgemeester, wie ook in diens van Oudtshoorn Munisipaliteit was dissiplinệr ondersoek en vervolg word vir ernstige oortreding van die Gedragskode vir Amptenare. Besonderhede van die oortreding is uiteraard regtens gepriviligeerd en kan daarom nie openbaar gemaak word nie.

Die verhouding het verder versuur toe Paulse onomstootlike bewyse lewer dat Elrico Van Rooyen, voormalige bestuurder in die kantoor van die burgemeester, ‘n misdaadrekord het vir bedrog en Deon Britz, ook ‘n amptenaar in die kantoor van die burgemeester, deur sy vorige werknemer, die Stad Kaapstad, ontslaan was vir growwe oneerlikheid. Beide amptenare moes na hierna hul poste ontruim, ingevolge die tersaaklike munisipale wetgewing en regulasies.

Paulse huldig die mening dat daar dringend en ernstig vrae gestel moet word na die verkryging, aanstelling en uiteindelike uitgawe van R2.3 miljoen aan Webber Wentzel. In hierdie verband sal die opmerkings en bevindings van die Ouditeur Generaal, die noodwendige perspektief en duidelikheid bring, rakende die vermelde Webber Wentzel verslag. Alhoewel Paulse Webber Wentzel as ‘n geloofwaardige maatskappy beskou, is sy kritiek teen hul verslag die volgende; te wete:

Webber Wentzel het hul verslag en gevolgtrekkings geskoei bloot op onderhoude met die voormalige burgemeester en 3 ander raadslede; en

Die senior ampenare, onder andere Paulse as munisipale bestuurder, die voormalige Direkteur: Finansies, Felix Lötter, Bestuurder: Verkryging, asook ander ampternare wie impliseer was deur die verslag, is nooit gevra om hul weergawes teen die verslag en gevolgtrekkings, te stel nie.

Natuurlik, ten spyte van Webber Wentzel se kwalifisering, het verskeie individue die misplaaste mening gevorm en in die openbaar verkoop dat dit ‘n forensiese verslag was, wat nie die geval was nie. Belangriker nog is dat Adv. Downer ook die Webber Wentzel verslag, wat as in totaliteit as klagte teen Paulse in dossier 13 gemaak was, bestudeer het voor die besluit dat geen basis bestaan vir suksesvolle vervolgimg nie.

Vrae moet ook gestel word, vir die redes hoekom Paulse en ander amptenare wie ook deur die verslag impliseer was, nooit die kans gebied was om te reageer op die forensiese ondersoek en bewerings daaruit voorspruitend. Paulse sou voorts wou sien dat die belastingbetalers van Oudtshoorn ook moet vrae stel oor die 11 maande betaling aan hom, sonder dat die belastingbetalers enige waarde gekry het van sy professionele dienste.

Moddergooiery was aan die orde van die dag en talle bewerings is gemaak, veral in die sosiale media is groot gewag gemaak van bedrog, korrupsie en ander vergrype in die laaste 2 jaar. Dit het ongekende wroeging veroorsaak aan Paulse en sy familie, terwyl hierdie ongetoetse beweringe en aanvalle op sy goeie naam, reputasie en professionale integriteit gemaak was. Ondermeer moes Paulse ontrek aan die onderhoude om die vakature van munisipale bestuurder by Kaap Agulhas Munisipaliteit, te vul.

Paulse gaan ‘n aansoek bring in terme van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, by die Valke om toegang te kry tot die verklarings wat die aanklagtes teen hom gerugsteun het en sal dan siviele en kriminele vervolging oorweeg vir naamskending, beswaddering en meineed, gegee die blatante wan-voorstelling deur verskeie individue. Die media sal ter gelegenertyd  in kennis stel word.

Laastens wil Paulse net sy absolute dank en waardering uitspreek aan veral Dr. Michele Gratz, die waarnemende munisipale bestuurder en die Raad van George Munisipaliteit, vir hul bereidwilligheid om hom aan te stel, te midde van hierdie beweringe. Net so aan almal wie deurgaans in sy integriteit en onskuld geglo het.

Hopelik sal die individue, rasie-leiers en hul ondersteuners in Oudtshoorn en omgewing, groot genoeg wees om te erken dat hulle verkeerd was en meer nog, dat hulle mislei was. Paulse is oortuig dat verdere ondersoeke deur die Valke, die Departement: Plaaslike Regering en die Ouditeur Generaal by die sake van Oudtshoorn, uiteindelik die werklike ampenare en raadslede wat by vergrype betrokke was, aan die kaak sal stel. Paulse sal uiteraard in hierdie verband, sy volle samewerking aan die tersaaklike owerhede gee.

Geliewe enige navrae te rig aan:

Allen Paulse, 084 448 2800, paulse.allen61@gmail.com